



*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
july 2022

*Wag op die son / Waiting for the sun - Phileen Lutge*

Het jy onlangs jou grootworddorp besoek? Of het jy gedurende die afgelope paar maande foto's daarvan gesien op Facebook of in 'n tydskrif? *Platteland* byvoorbeeld?

Watter emosie ervaar jy as jy terugdink aan die dorp waar jy groot geword het? Hoe was dit in die verlede en hoe is dit nou? Ek ervaar 'n treurigheid oor my dorp, maar ek troos my aan die wete dat die landskap om die dorp nie verander het nie. Trouens, dit lewer selfs meer fototonele op as vroeër, soos die voorbladfoto toon.

In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* wil ons gesels oor herinneringe. Ons dink in die besonder aan "tœ-en-nou"- herinneringe.

Behalwe vir 'n reis na die verlede, kom verder ook saam met Towerlantern op 'n reis na Nederland, en nog verder, na die planeet Saturnus. Pak jou selfoon en kamera in. Geniet hierdie uitgawe.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*

*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

---

## voorbladfoto

Bethulie is die suidelikste dorp in die Vrystaat. Dit is die dorp in die land wat die meeste van naam verander het. Gelukkig het die vroeë name vinnig van die een na die ander verander – en elkeen vertel sy eie storie. Hier is die name: T’Kout’Koo, Moordenaarspoort, Boesmanskool, Caledon, Verhuellpolis, Bethulie, Heidelberg en uiteindelik weer Bethulie.

Bethulie is tussen mooi randjies geleë en lê by die Gariepdam. Met die bou van die dam destyds sou ’n pad- en treinbrug onder water kom. Ander brûe moes dus gebou word; een hiervan is die Hennie Steyn-brug (gesamentlike pad- en treinbrug) oor die boloop van die Gariepdam. Dit is juis vanaf hierdie brug wat Phileen Lutge van Johannesburg die voorbladfoto geneem het. Sy skryf op Bethulie se Facebook-blad hieroor: “Early morning on the Hennie Steyn bridge crossing the Orange River outside Bethulie, waiting for the sun to rise”.

Bethulie is my grootwoordorp, binne draafafstand van die Oranjerivier, tans die Gariep. Ek het in Bethulie gebly tot in matriek, nog voor die bou van die Gariepdam. Die rivier, insluitende sy sandeilande, was vir ons altyd ’n groot plesier. Waar ek dus tans ookal by die Oranje / Gariep kom – Aliwal-Noord of Upington of selfs Aussenkehr in Namibië – die Oranje is “my” rivier.



## UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022  
- 15 jaar oud -

Enige bedryf wat sy sout werd is, behoort voortdurend met sy studente, kliënte of belangstellendes in kontak te bly. Sodoeënd word die verhouding steeds warm gehou.

Towerlantern se siening was, en is, presies só. Daarom het 'n blaadjie, *Fotografienuus*, byna 10 jaar gelede die lig gesien en is daar 'n band opgebou met baie fotografie-belangstellendes. Die heel eerste uitgawe het verskyn gedurende Januarie 2013; dit was eintlik niks meer as 'n nuusbrief nie.

Teen Maart 2013 het dit meer vorm begin aanneem. Die foto op die volgende bladsy verskyn in die April 2013-uitgawe van *Fotografienuus* nadat 'n uitstappie, genaamd *Cosmos Time*, na Memel in die Vrystaat onderneem is.

Vir 'n paar jaar het *Fotografienuus* in Word-formaat gereeld maandeliks verskyn. Met die April 2017-uitgawe het daar egter 'n dramatiese verandering gekom. Daar het as't ware 'n metamorfose plaasgevind deurdat die uitleg op 'n professionele manier begin doen is. Met waardering en dankbaarheid kan ons sê dat dit nog steeds voortgaan, te danke aan die besondere werk van Fransa Vorster van Colourcode Designs.

As jy foto-idees of wenke of riglyne soek, of sommer net wil inlær, gaan kyk gerus by [www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html](http://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html). Daar sal jy al die uitgawes sedert April 2017 vind.



Julie 2022

### Towerlantern LESERSGESKENK



Om Towerlantern se 15-jarige bestaansjaar te herdenk, gee ons gedurende Julie die geleentheid aan 3 (drie) lesers van *Fotografienuus* om teen 'n **20% afslag** ons eerstevlak selfoonkamera-kursus (aanlyn) af te handel. Die prys is normaalweg R500 vir die kursus van 4 lesings. Gedurende Julie is die prys dus R400.

Vir volledige besonderhede, stuur 'n e-pos aan ons by [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za). In die kursus kan jy verwag om meer te wete te kom oor die werking van jou selfoonkamera en ook om meer te leer oor komposisie by foto's. Ons hoor graag van jou.

Towerlantern Fotografie  
- Julie 2022 -



*Kosmostoneel, Memel, April 2013*



## VERLEDE & HEDE

Die fotograaf Jason Powell het 'n interessante foto-projek aangepak (*Past meets present in creative photography series*). Hy het begin met 'n foto-uitdaging aan homself waarin hy die verlede en hede met mekaar kombineer. Vir hom gaan dit oor hoe dinge in die verlede was en nou verander het. Ook hoe dinge was en nou nie verander het nie.

Ook interesseer dit hom hoe dinge destyds gevisualiseer is en hoe dit tans anders gedoen word. Powell het baie dæ in die Amerikaanse *Library of Congress* deurgebring op soek na ou interessante foto's wat hy kon kombineer met die huidige toneel. Hy sê van sy soektogte, "I love the library archives so much, they are truly an unsung American treasure".

Die foto hierby toon die idee, maar kyk self na sy ander interessante foto's by die onderstaande adres.

Die idee van Jason Powell is so inspirerend dat ons besluit het om in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* aandag te gee aan sy idee. Ons vat die idee saam as "Verlede en hede".

Bron: <https://bit.ly/3yj3nJM>



# Toe & Nou



Daar is verskillende maniere om die toe en nou fotografies bymekaar te bring. Ons gee 'n klompie idees, maar daar is beslis nog ander ook.

- Besoek jou grootworddorp en neem foto's van bekende tonele uit jou jeugjare.
- Kombineer foto's uit jou jonger jare met foto's van tans wat jy self geneem het of op enige ander manier gekry het.
- Probeer om vroeëre foto's so goed as moontlik oor te doen.
- Herneem 'n ou swart-en-wit-foto maar dié keer in kleur.
- Volg Jason Powell se idee en wys hoe dinge verander het, en ook hoe dit nie verander het nie.


Ek gee 'n paar voorbeelde uit my Bethulie-verlede om van die idees te illustreer (elke "toe"-foto is geneem deur my pa, Gerrit de Klerk).



My ouerhuis (gebou in 1950)



Bethulie-dam (gebou in 1921)




Hennie Steyn-brug oor bloop van  
Gariëpdam (laat 1960's voltooi)

# RIGLYNE

# VIR WATERSKAP-FOTOGRAFIE

**KAMERA-INSTELLING:** Hoewel die voorbladfoto 'n kombinasie is van 'n landskap en 'n waterskap, beskou ons dit hier as 'n waterskap. Ons neem aan die toneel is helder verlig met weerkaatsings. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar die gebruik daarvan word wel aanbeveel.



## TIPE LENS

Die standaard 18-55 mm lens sal ideaal werk omdat die toneel waarskynlik 'n wye toneel is.

## FORMAAT

Gebruik verkieslik landskap-formaat vir die waterskaptoneel.

## ISO

Begin met 'n lae ISO-waarde, naamlik 100. Moet dit nie verder verstel nie.

## WITBALANS

Maak 'n gepaste keuse na gelang van die ligomstandighede.

## FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Onthou komposisie-afsprake en fokus op die trefpunt.

## LENSOPENING

Kies 'n middel tot klein lensopening vir skerpte dwarsoor die toneel, byvoorbeeld f22.

## SLUITERSPOED

Stel die sluiterspoed met behulp van die liniaal. Pas aan om 'n balans tussen lig en donker in die foto te kry (en wees bewus van weerkaatsings).

## FYN FOKUSSERING

Kontroleer die fokussering en pas aan indien nodig.



## MENING GEVRA: Mensfotografie

Die uitbeelding van mense is seker so oud soos die mensdom self. Dink maar aan moderne mensfotografie en skilderye. Om verder net twee bekende skilders uit die laaste paar eeue te noem, kan gedink word aan Vincent van Gogh en Rembrandt van Rijn. Nog verder terug kan ons dink aan die rotstekeninge deur die Khoisan wat op baie plekke in Suid-Afrika te sien is.

Ons plaas in *Fotografienuus* nie dikwels mensfoto's nie. Ons sal nog minder mensfoto's op Towerlantern se Facebook-blad plaas. Daar is vanselfsprekende redes hiervoor.

Tog wil ons graag jou mening hoor oor hoe jy persoonlik oor mensfotografie voel. Natuurlik neem ons almal kiekies van familie en vriende, maar hier gaan dit oor meer formele fotografie, soos by 'n fotosessie. Laat die onderstaande subgenres van mensfotografie, met skakels, jou lei in jou gesprek met ons.

Subgenres van Mensfotografie	Bronne
Nie-model dames / mans	<a href="https://www.lancereis.com/blog/27-posing-ideas-for-women-who-arent-models">https://www.lancereis.com/blog/27-posing-ideas-for-women-who-arent-models</a> <a href="https://www.lancereis.com/blog/27-posing-ideas-for-men-who-arent-models">https://www.lancereis.com/blog/27-posing-ideas-for-men-who-arent-models</a>
Model dames / mans	<a href="https://filtergrade.com/best-poses-for-female-models/">https://filtergrade.com/best-poses-for-female-models/</a> <a href="https://photographycourse.net/15-best-fashion-photography-poses-male-models/">https://photographycourse.net/15-best-fashion-photography-poses-male-models/</a>
Boudoir-fotografie dames / mans (Wees gewaarsku as jy na die bronne gaan kyk!)	<a href="https://www.colesclassroom.com/boudoir-photo-shoot-ideas-for-every-photographer/">https://www.colesclassroom.com/boudoir-photo-shoot-ideas-for-every-photographer/</a> <a href="https://expertphotography.com/male-boudoir-photography/">https://expertphotography.com/male-boudoir-photography/</a>
Swangerskapfotografie	<a href="https://fixthephoto.com/maternity-photography.html">https://fixthephoto.com/maternity-photography.html</a>
Seminaakfotografie mans	<a href="https://www.photographytalk.com/nude-male-photography">https://www.photographytalk.com/nude-male-photography</a>



## My verbintenis met Nederland

Marlene Schilbach, Centurion

Bietjie meer as twee dekades gelede het ek vir 'n jaar in Nederland au pair-werk gedoen. Gedurende daardie tyd wou ek baie graag die Van Gogh-museum in Amsterdam besoek. Ons het naby Amsterdam gebly maar die Van Gogh-museum was ongelukkig die hele jaar gesluit weens herstelwerk wat gedoen is.

Gedurende die afgelope Mei was ek in die bevoorregte posisie om Nederland te kon besoek. Met 'n lang lys dinge wat ek wou doen gedurende hierdie vakansie was een van my "bucket list"-dinge toe natuurlik om die Van Gogh-museum te besoek. En wat 'n hoogtepunt was dit nie!

'n Deel van die ervaring was om na die museum te reis – eers per trein en toe in Amsterdam self met die trem. Die eklektiese atmosfeer van Amsterdam het alles net bygedra tot die ervaring.

In die museum self het ons 'n oudiotoer onderneem, wat die besoek lewe gegee het. In die museum self is daar soveel van sy werke dat dit oorweldigend is om dit sonder so 'n toer te kan doen. Ons het na sy meesterwerke gekyk en terselfdertyd meer te wete gekom oor sy lewe en sy inspirasie agter die werke.


Om die skilderye wat mens al soveel keer op prente gesien het in die werklike lewe te sien, was 'n besondere ervaring, veral die bekende sonneblom-skildery en selfportrette.

Verder kon jy ook op 'n mikroskopiese prent op 'n tv-skerm sien hoe daar sandkorrels in sy *Die See by Les Saintes-Maries-de-la-Mer* vasgevang is.

My gunsteling skildery is definitief sy Amandelbløeisels. Die skildery het hy vir sy broer en skoonsuster gemaak tydens haar swangerskap en dit sou bo hul bed hang. Die seuntjie wat gebore is se naam was ook Vincent, dieselfde Vincent wat later die Van Gogh-museum begin het!




<https://www.vangoghmuseum.nl>



# ONS SONNESTELSEL IN FOKUS


*Saturnus*

Die 8 planete (Meneer Van As My Jas Sal U Nie (Pas)) in ons sonnestelsel het elkeen karaktertrekke wat maak dat daar besondere foto's daarvan geneem kan word. Een planeet wat egter uitstaan is Saturnus met sy ringe en mane. Die eerste foto wys Saturnus in geheel met sy ringe.



Die tweede foto kan beskou word as 'n kunstofoto waarmee die mooiheid van die planeet beklemtoon word.

Oor hierdie foto word gesê: "There are no amazing scientific results to discuss here. This image isn't going to lead to hundreds of peer-reviewed journal articles. Nor will a Nobel Prize come from this shot. But it does serve as a wonderful reminder of the stunning beauty that our solar system has to offer."



*NASA/JPL/Space Science Institute*

Bron: <https://bit.ly/3brFgQe>



*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2022 -

# VOLGENDE FOTOGRAFIEKURSUS

Towerlantern beplan 'n volgende plaaslike fotografiekursus gedurende Augustus. Kom leer hoe om jou kamera te hanteer en hoe om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

**PLEK:** Potchefstroom.

**DATUM:** 4 Augustus 2022. Verdere datums sal by die eerste klas afgespreek word om almal te pas.

**TYD:** 17:00 tot 19:30.

**PRYS:** R1000, waarvan 'n deposito van R500 voorafbetaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**BESONDERHEDE:** Die kursus bestaan uit 6 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

**SAMEVATTING VAN KURSUS:** Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspoed; ISO, beligting, ligmeting; fokussing, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

**BENODIGDHEDE:** 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspoed, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

**NAVRAE:** [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za)



*Towerlantern Fotografie*  
- julye 2022 -

# OP INTERNET GESIEN

Kan Wetenskap ook Kuns wees? Die "Olympus Image of the Year"-toekennings is spesiaal gefokus op foto's wat met 'n mikroskoop geneem word. Hierdie foto van Jan Martinek is van 'n klein blommetjie wat gebruik word in genetiese navorsing.

Kreatiwiteit en wetenskap word saam gebruik om hierdie besondere foto's te skep.



Kyk hier vir nog foto's:

<https://bit.ly/3OoiB5l>    <https://bit.ly/3HPMLfW>



Is die titel van jou foto's belangrik? Baie keer noem kunstenaars hul kunswerke bloot iets soos "Ongetiteld" of "Nr 08". Wat sê dit vir die kyker?



'n Goëie titel kan egter 'n foto vir die kyker oopsluit. Die foto hierby se titel is "Zol is now available in different flavours". En skielik het die foto nog meer impak!

Ons het hierdie foto raakgeloop op die Facebook-groep "Colourful birds of Southern Africa", en dis geneem deur Victor de Sousa.



**GAAN OP REIS**

*saam met Towerlantern*



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

In ons Junie-reis het ons genoem dat sekere berge so bekend is dat by die sien daarvan, die land onmiddellik in die gedagte kom. Voorbeelde daarvan is Tafelberg, Kilimandjaro en die Matterhorn.

Ander lande het egter nie berge nie, maar het weer ander besienswaardighede wat die bepaalde land wêreldbekend maak. Een so 'n land is Nederland. Noem kase, tulpe en windmeulens en jy is dadelik in Nederland.

Nederland is 'n land in die noordweste van Europa en bestaan uit 12 provinsies. Dit word begrens deur die Noordsee in die noorde en weste, België in die suide en Duitsland in die ooste. Die hoofstad is Amsterdam. Die amptelike taal is Nederlands met Wes-Fries as 'n tweede amptelike taal in die provinsie Friesland.

As jy belangstel in foto's met klem op tegniese siviele ingenieurswerke, besoek dan die Deltawerke in Nederland. As jou belangstelling meer in 'n kunsrigting is, besoek dan beslis die Rijksmuseum, die Van Gogh-museum en die Anne Frank-museum, in Amsterdam, en nog baie meer (*Nederland heeft enorm veel musea*).




Wil jy de ultieme top-25 mooiste bezienswaardigheden in Nederland besoek, gaan dan na:

<https://www.27vakantiedagen.nl/bezienswaardigheden-nederland/>

Verdere bronne:

<https://af.wikipedia.org/wiki/Nederland#Geografie>

<https://bit.ly/3ngRgqo>



*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2022 -

# NUUS VANAF TOWERLANTERN – 2022 SE FOTO-UITSTALLING

Soos in die verlede beplan Towerlantern om weer ons jaarlikse foto-uitstalling aan te bied. Dit sal plaaslik in Potchefstroom en ook aanlyn wees. Ons bring die volgende sake onder jou aandag:

**Saak:** Foto-uitstalling (plaaslik en aanlyn).

**Uitstalwyse:** Gemonteer vir 'n fisiese uitstalling en aanlyn, gereed vir 'n PowerPoint-aanbieding.

**Datum:** 19-28 September 2022.

**Plek:** Snowflake-gebou in Potchefstroom en ook aanlyn.

**Uitstallers:** Enige fotograaf wat bedrewe is met sy/haar kamera.

**Foto-onderwerp:** Alle genres.

**Keuring:** Stuur 10 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.

**Onkoste:** R150, eenmalig.

**Keerdatum:** 15 Augustus 2022.

**Oproep:** Begin nou reeds om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, soek uit, stoor dit en wees reg as daar 'n oproep vir die instuur van foto's kom.

**Bespreking:** Die uitstalruimte is groot, maar dit word verwag dat jy so gou as moontlik sal bevestig dat jy belangstel.

**Titels:** Die titel van 'n kunswerk is dikwels die sleutel tot die oopsluit van 'n werk. Dink nou reeds aan titels vir jou uitstalwerke.



*2019 se uitstalling was in Potchefstroom Museum.*



Kyk by die volgende skakels na 2020 en 2021 se uitstallings:


- 2020: <https://youtu.be/mfCJWGmFlpA>
- 2021: <https://youtu.be/tD67EVYZCzg>

# DIE MOOIHEID VAN WISKUNDE

Ons ontvang graag kort besprekings oor die mooiheid van jou werk of stokperdjie. Probeer dit koppel aan kuns en fotografie.

Besøek gerus die ondergenoemde webwerf en kom onder die indruk van die mooiheid van wiskunde en waardeer die mooi foto's, waaronder die fraktaalvoorstelling van die Oostenrykse wiskundige Karl Menger, hierby afgebeeld.

Bron: <https://bit.ly/3OCXr3v>



Menger-spons

# FOTO- *idees*

Idee 1: Kyk na jou foto's van 'n jaar gelede en herdoen dit op enige manier.

# FOTO- *idees*

Idee 2: Soek 'n winterfoto van 2020 en herneem dit.

*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 3: Bekyk jou foto's van die eerste maand of twee tydens die Covid-19-inperking en probeer dit weer regkry.



*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 4: Kry 'n binnenshuise foto van 5 jaar gelede en doen dit so goed as moontlik na.

*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 5: Soek 'n kleurrike foto van 2007 (die jaar wat Towerlantern tot stand gekom het) en verwerk dit tot 'n trefferfoto.

*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2022 -